

Borduur 'n erfstuk: DIE ONSE VADER

Om 'n gebed in kruissteek te borduur, is 'n liefdestaak, en later word dié handwerk 'n erfstuk. **ROOI ROSE** plaas dié ontwerp op versoek van talle lesers. Saamgestel deur Annine van Reenen

BENODIGDHEDE

45 x 65 cm Aida "evenweave" van 20 paar drade per 2,5 cm; Coats string-borduurgare; 'n paar stringe donkergroen, 0262, pienk 010, donkerrooi 047, liggroen 0241, geel 0295, donkerblou 0161 en ligblou 0160; bypassende bordurnaald.

AANWYSINGS

Vou 'n soom van ongeveer 1 cm rondom, pars liggies en verstewig met 'n ry rygsteke om uitrafeling te voorkom.

Kyk op diagram en borduur eerstens die rand; kyk op illustrasie om kleure vas te stel, of gebruik kleure soos verkies.

Die binneste, golwende kruissteek-rand word met liggroen kruissteke geborduur, en die kruissteke in elke "holte" is afwisselend pienk en donkerrooi.

'n Kruissteek van dieselfde kontras-kleur word midde-in die ruimte tussen die twee pare kruissteke gemaak (kyk op detail-diagram) en 'n Franse knopie rond die middelvulling af – 'n blou knopie op die pienk kruissteke en 'n gele op die donkerrooi kruissteekdriehoek.

Die woorde van die gebed word met donkergroen volgens diagram geborduur.

Die strik in die regteronderhoek word in kruissteek met twee kleure blou, die blommetjies in kruissteek en Franse knopies met rooi en geel, en die steeltjies met groen agtersteek afgewerk.

Raam die voltooide werk, of werk dit af soos verkies.

NA BLADSY 94

Die diagram op ware grootte 48 x 30 cm kan bestel word teen R1,50, alles ingesluit. Stuur 'n tjek of posorder aan **ROOI ROSE**-handwerk, Posbus 2595, Johannesburg, 2000. Verskaf jou naam, adres en telefoonnommer. Geen kontant nie, asseblief. Bestelling per faks-masjien of telefoon word nie aanvaar nie. Aflewering geskied binne vier tot ses weke.

ontwerp en gemaak deur REINI FICK; patroon en diagram verwerk deur SJOUKJE JORDAAN; foto MARIAM GILLAN



Die Onse Vader is in kruissteek met Coats Anchor-borduurgare geborduur. Gebruik dieselfde diagram indien jy sou verkies om dit in filet te hêkel.



Onse Vader
 wat in die hemele is
 laat U Naam geheilig word
 laat U koninkryk kom
 laat U wil gekied
 wees in die hemel
 net so ook op die aarde
 Gee ons vandag
 ons daaglikse brood
 en vergeve ons ons skulde
 soos ons ook ons
 skulde maars vergeve en lei
 ons nie in versoeking nie
 maar verlos ons van die bese
 want aan U behoort die
 koninkryk en die krag
 en die heerlikheid
 tot in ewigheid

Amen

DETAIL VAN RAND

